# MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP DIE BESTUUR VAN STAATSADMINISTRASIE

## 1. AGTERGROND

1.1 ŉ Wetsontwerp op die Bestuur van Staatsadministrasie is in 2008 ontwikkel om voorsiening te maak vir die organisasie, bestuur, funksionering en personeelverwante aangeleenthede in die drie regeringsfere om sodoende uitvoering te bring aan die visie van ŉ enkele Staatsadministrasie.

1.2 Die Wetsontwerp op die Bestuur van Staatsadministrasie het van 2008 tot 2014 deur die parlementêre prosesse gevorder en is uiteindelik as die Wet op die Bestuur van Staatsadministrasie, 2014 (Wetnr. 11 van 2014) ("die Hoofwet") uitgevaardig en in 2014 deur die President bekragtig.

1.3 Die bedoeling om een stuk wetgewing te hê wat die Staatsadministrasie bestuur het egter nie gerealiseer nie, aangesien die Hoofwet nie die Staatsdienswet, 1994, of die Wet op Munisipale Stelsels, 2000, soos oorspronklik verwag, herroep het nie.

1.4 Slegs dertien artikels van die Hoofwet is tans in werking, geldig vanaf 1 April 2019, terwyl die oorblywende sewe artikels (Artikel 5, 6, 7, 9, 11, 12 en 19) ongeldig bly aangesien hulle regulasies vir inwerkstelling vereis, moeilik is om in werking te stel of wysiging verg.

1.5 Dit is, sedert die uitvaardiging van die Hoofwet, ŉ uitdaging om die volle inwerkstelling daarvan te verseker, aangesien die Wet oorvleuelings van beleidsgebiede en verantwoordelikhede waarvoor daar reeds in ander wetgewing voorsien word veroorsaak, sonder om voorsiening te maak vir die herroeping of ander meganisme om die oorvleuelings aan te spreek. Sommige van die Hoofwet se voorskrifte is onmoontlik om in werking te stel as gevolg van fiskale en ander oorwegings. Die inwerkstelling van die meeste voorskrifte van die Hoofwet hang af regulasies wat slegs onder veeleisende omstandighede goedgekeur kan word en met die instemming van die Ministers van die Staatsdiens en -administrasie, Finansies,

Samewerkende regeerkunde en Tradisionele sake in die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regering.

1.6 Nuwe voorskrifte, bykomend tot bogenoemde, word bekendgestel om onregverdige ongelykhede wat in die vergoeding en diensvoorwaardes in die Staatsektor bestaan te verwyder en te elimineer, waaronder Staatsentiteite, en om voorsiening te maak vir gekoördineerde mandaatprosesse om vergoeding en diensvoorwaardes te bepaal.

## 2. OPSOMMING VAN DIE WETSONTWERP PER KLOUSULE

### 2.1 **Oogmerke van die Wetsontwerp**

Die hoofoogmerke van die Wetsontwerp is om dienslewering te verbeter deur die menslike hulpbronne, regeerkunde en verwante reëlings in die drie regeringsfere in ooreenstemming te bring; om verder voorsiening te maak vir die oordrag en detasjering van werknemers, om duidelikheid te verskaf aangaande die verbod op werknemers wat besigheid met ŉ Staatsliggaam doen; om voorsiening te maak vir die stigting van die Nasionale Regeringskool as ŉ nasionale departement; om ongeregverdigde ongelykhede regoor Staatsinstansies te verwyder en om voorsiening te maak vir die koördinering van mandaatprosesse vir gesamentlike bedinging in die Staatsadministrasie.

### 2.2 **Klousule 1**

Klousule 1 maak voorsiening vir die byvoeging van nuwe omskrywings in Artikel 1 van die Hoofwet om voorsiening te maak vir maklike vertolking. Daar word aandag geskenk aan die omskrywings soos "hoof van instansie", "Wet op Arbeidsverhoudinge", "Wet op Munisipale Stelsels", "nasionale regeringskomponent", "Staatsliggaam", "georganiseerde plaaslike regering", "provinsiale departement", "provinsiale regeringskomponent", "Staatsadministrasie", "Staatsentiteit" en "Staatsdiens".

2.3 **Klousule 2**

Klousule 2 poog om Artikel 5 van die Hoofwet te wysig om verder voorsiening te maak vir die oordrag van werknemers tussen die Staatsdiens en munisipaliteite en tussen munisipaliteite. Oordragte verseker die beweeglikheid van werknemers regoor regeringsfere tot waar menslike hulpbrontekorte bestaan of waar bedryfsvereistes dit vereis. Dit sal goeie regeerkunde verbeter en die oordraagbaarheid van vaardighede en hulpbronne, waar vereis, in staat stel.

2.4 **Klousule 3**

Klousule 3 beoog om daarvoor voorsiening te maak dat detasjering, soos in Artikel 6 van die Hoofwet oorweeg, slegs moet plaasvind waar dit volgens bedrywighede geregverdig word. Dit verseker dat detasjering nie daartoe lei dat tekorte geskep word wat dienslewering in instansies belemmer nie.

2.5 **Klousule 4**

Klousule 4 stel die herroeping van Artikel 7 van die Hoofwet voor, aangesien die oordrag van werknemers wat deur die oordrag van funksies regoor instansies geraak word, genoegsaam in die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996, die Staatsdienswet, 1994 en die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000, gereguleer word. Verdere verwysing na Artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, in Artikel 7 is nie van toepassing op oordragte of vasstelling van wetgewing nie.

2.6 **Klousule 5**

Klousule 5 poog om Artikel 8 van die Hoofwet te wysig om—

*(a)* die omskrywings van woorde of uitdrukkings te verduidelik om makliker vertolking van die voorskrifte in Artikel 8, soos verwysings na 'Staatsliggame' in stede van Staat en die omskrywing van ʼn maatskappydirekteur, te verseker;

(b) werknemers wat ampshalwe op rade aangestel is uit te sluit by die bestek van die verbod ingevolge Artikel 8; en

(c) die Minister te bemagtig om te bepaal dat sekere transaksies tussen ŉ Staatsliggaam en ŉ werknemer nie as "besigheid met ŉ Staatsliggaam doen" vertolk word nie om die onbedoelde gevolge in die inwerkstelling van die Wet, te verwyder.

2.7 **Klousule 6**

Die wysiging in Klousule 6 poog om na-indiensnamebeperkings, aan te spreek. Daar word voorsiening gemaak vir die oplegging van ŉ 12-maandelange 'afkoeltydperk' vir werknemers betrokke by die verkryging van die dienste van diensverskaffers. Dit maak voorsiening vir ŉ verbod op die aanvaarding van indiensname of aanstelling tot die raad van die diensverskaffer, die uitvoer van werk vir vergoeding of die ontvangs van enige ander beloning. Diensverskaffers of werknemers wat dié voorskrif oortree is skuldig aan ŉ oortreding en met skuldigbevinding aanspreeklik vir ŉ boete van R1 miljoen.

2.8 **Klousule 7**

Die wysiging van Klousule 7 poog om die huidige voorskrifte aangaande die omskrywing van "werknemer" vir die doeleindes vir die bekendmaking van finansiële belange wat in Artikel 9 van die Hoofwet oorweeg word, te verduidelik.

2.9 **Klousule 8**

Klousule 8 poog om Artikel 10(2)(a) van die Hoofwet te wysig om daarvoor voorsiening te maak dat departemente binne hul beskikbare begroting voorsiening moet maak vir verpligte opleiding onder leiding van die Minister om ontwikkelingsbehoeftes van werknemerskategorieë aan te spreek.

2.10 **Klousule 9**

Klousule 9 beoog om Artikel 11 van die Hoofwet te wysig om die Nasionale Regeringskool as ’n nasionale departement te vestig om onderrig en opleiding aan werknemers in alle regeringsfere, waaronder munisipaliteite en Staatsentiteite, te verskaf.

2.11 **Klousule 10**

Klousule 10 beoog om Artikel 12 van die Hoofwet te herroep, aangesien dit na die voorgestelde wysiging van Artikel 11 van die Hoofwet oortollig geword het.

2.12 **Klousule 11**

Klousule 11 beoog om Artikel 13 van die Hoofwet te wysiging om die onnodige las wat aangaande die vasstelling van voorvereiste en/of verpligte onderrig en opleiding op die Kabinet geplaas word, te verwyder.

2.13 **Klousule 12**

Klousule 12 maak voorsiening vir die skrapping van Artikel 16(2) van die Hoofwet. Die proses om norme en standaarde aangaande die bevordering van waarde en beginsels wat in Artikel 195 van die Grondwet oorweeg word uit te reik, sal dus ingevolge die prosesse wees wat in Artikel 18 van die Hoofwet oorweeg word.

2.14 **Klousule 13**

Klousule 13 beoog om Artikel 17(7) van die Hoofwet te wysig om verwysing na *"en sy lede"* te verwyder. Artikel 17(7) van die Hoofwet vereis dat die Minister verantwoordelik vir die Staatsdiens en -administrasie die magte van die Kantoor en sy lede moet voorskryf. Die Hoofwet maak nie voorsiening vir die funksies van individuele lede nie en daar word dus voorgestel dat dit nie vereis word of nodig is dat die magte van lede voorgeskryf moet word nie.

2.15. **Klousule 14**

Klousule 14 maak voorsiening vir die byvoeging van Artikel 17A en 17B in die Hoofwet. Artikel 17A maak voorsiening vir ŉ proses om ongeregverdigde ongelykhede aangaande werknemers wat nie binne die bestek van ŉ toepaslike bedingingsraad val nie, te verwyder. Die Wetsontwerp maak met dié doel daarvoor voorsiening dat die Minister, na oorlegpleging met die toepaslike Minister en onderhewig aan die verwerking van regulasies, die volgende kan voorskryf—

*(a)* boonste beperkings van vergoeding en diensvoorwaardes vir sekere werknemerskategorieë wat nie binne die bestek van die toepaslike bedingingsraad val nie; en

*(b)* stappe om ongeregverdigde ongelykhede onder werknemers in die Staatsadministrasie te verwyder, mits sodanige stappe nie enige werknemer se vergoeding verminder nie.

Artikel 17B maak voorsiening vir die koördinering van opdraggewing- en raadplegingsprosesse vir gesamentlike bedinging in die Staatsadministrasie, waaronder, onderskeidelik, Staatsentiteite en munisipaliteite. Die wysiging stig ŉ Ministerskomitee wat, wanneer ŉ mandaat bepaal word, bekostigbaarheid en enige ander faktor wat deur die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, voorgeskryf word, in ag moet neem.

Dié voorskrifte poog om beter integrasie en koördinasie tussen die verskeie instansies te skep om ongeregverdigde ongelykhede te verwyder sonder om bestaande gesamentlike bedingingstrukture en -prosesse te verwater of die voorskrifte wat werknemers in die verskeie instansies bestuur, te ondermyn.

Die Wetsontwerp erken die rol van Premiers, Adjunkministers en georganiseerde plaaslike regering en skep ŉ tussenregeringsforum om te verseker dat sodanige partye in dié prosesse geraadpleeg word.

2.16. **Klousule 15**

Klousule 15 beoog om Artikel 18(2) van die Hoofwet te wysig om dit in ooreenstemming met die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000, te bring aangaande kwessies van regulasies betreffende plaaslike regering, na raadpleging met georganiseerde plaaslike regering. ŉ Verdere wysiging word ook voorgestel om voorsiening te maak vir enige regulasie wat Staatsentiteite raak en wat gemaak moet word na oorlegpleging met die Minister verantwoordelik vir Staatsentiteite.

## 3. DEPARTEMENTE/ LIGGAME/ PERSONE WAT GERAADPLEEG MOET WORD

Nasionale en provinsiale departemente, plaaslike regering, georganiseerde arbeid, NEDLAC, georganiseerde plaaslike regering en die publiek.

## 4. FINANSIËLE GEVOLGE VIR DIE STAAT

Die Wetsontwerp sal geen finansiële gevolge vir Staatsadministrasie-instansies hê nie.

## 5. PARLEMENTÊRE PROSES

5.1 Die Staat se regsadviseurs en die departement is van mening dat die Wetsontwerp ingevolge die prosedure in Artikel 76 van die Grondwet hanteer moet word, aangesien dit wetgewing is wat in Artikel 76(3) van die Grondwet gelys is, naamlik wetgewing wat in Artikel 195(3) en 197 van die Grondwet oorweeg word.

5.2 Die Staat se regsadviseurs is van mening dat dit nodig mag wees om dié Wetsontwerp ingevolge Artikel 39(1)*(a)*(ii) van die Wet op Tradisionele en Khoi-San-leierskap, 2019 (Wetnr. 3 van 2019), na die Nasionale Huis van Tradisionele en Khoi-San-leiers te verwys, aangesien dit te make het met aangeleenthede waarna in Artikel 154(2) van die Grondwet verwys word.

Gedruk deur Creda Communications

ISBN 978-1-4850-0933-7